**Verstommende beskrywing van die sondvloed**

**Gen 6:9-9:28 (Lees: Gen 6:9-22)**

**18 Junie 2023**

1. Vantevore: Tweede toledot: (1) Geslagsregister van Adam: Daar was oorvloedig lewe, maar gaan gepaard met ʻn geswoeg en die fisiese dood (2) Die boosheid op die aarde neem toe deurdat konings hulle vergryp aan vrouens en naam wil maak. Die Here oordeel alles wat die mens bedink is altyd net sleg, en Hy gaan mensdom uitwis – maar Noag vind genade.
2. Derde toledot – Familiegeskiedenis van Noag (Gen 6:9-9:28)
    a. Amper 4 hoofstukke, dek kort periode, bykans net die sondvloed (anders as tweede toledot wat net meer as 1 hoofstuk was, lang periode van 1000 jaar of meer dek)
    b. Die Here fokus in Sy openbaring op hoe Hy sonde gaan hanteer: oordeel en genade
3. Wie was Noag?
    a. Nasaat van Adam/Set/Lameg (Gen 5:1-3, 28-29), voorsaat van Josef (Luk 3:23-28)
    b. "Noag" = troos/rus (Gen 5:29)
    c. Noag was 600 jaar oud toe vloed begin, het gesterf op 950 jaar (Gen 7:6, 9:28)
    d. Noag het 1 vrou gehad, 3 seuns elk ook met 1 vrou (Gen 6:18, 6:10, 1 Pet 3:20)
    e. Noag was regverdig, onberispelik, het naby God geleef (Gen 6:9) – was erfgenaam van regverdiging deur geloof (Heb 11:7) – uit genade (Gen 6:8 – vgl Rom 3:22)
    f. Noag se geloof was sigbaar (Heb 11:7, vgl Jak 2:17)
    g. Tog was Noag ook ʻn sondaar (Gen 9:21)
4. Wat leer ons uit die struktuur van die beskrywing van die sondvloed? (Gen 6:9-9:19)
    - Trap 1: Geskiedenis van Noag (6:9a) Trap 1': Noag se seuns bevolk wêreld (9:18-19)
    - Trap 2: Wêreld voor vloed (6:9b-12) Trap 2': Wêreld na die vloed (9:1-17)
    - Trap 3: Monoloog – Bou die ark (6:13-22) Trap 3': Monoloog – Nie weer nie (8:20-22)
    - Trap 4: Gaan in die ark in (7:1-5) Trap 4': Gaan uit die ark uit (8:15-19)
    - Trap 5: Die vloed kom vir 40 dae (7:6-16) Trap 5': Na 40 dae word die aarde droog (8:6-14)
    - Trap 6: Vloed oorhand – 150 dae (7:17-24) Trap 6': Vloed vloei terug – 150 dae (8:1b-5)
    - Trap 7: Die klimaks: God het aan Noag gedink! (8:1a)

    a. Genade binne God se oordeel – vergelyk die ark met die verbondsark
5. Ooreenkomste tussen Adam/skepping in vergelyking met Noag/herskepping
    - Gees van God het oor water gesweef (1:2b) vs God het wind laat waai (8:1b, Joh 3:8)
    - Water onder/bo gewelf (1:6-7) vs fonteine/vensters gesluit (8:2)
    - Droë grond word sigbaar (1:9-10) vs bergtoppe word sigbaar (8:5)
    - Voëls as eerste diere (1:20) vs voëls is eerste diere uit die ark (8:6-12)
    - Landdiere en die mens (1:24-26) vs landdiere en die mens (8:17-19)
    - Mens na God se beeld, manlik/vroulik (1:27) vs Noag en sy vrou (8:18), God se beeld (9:6)
    - Mens geseën, vermeerder, heers (1:28) vs mens geseën, vermeerder, heers (9:1-2)

    a. Na God se oordeel, word herskepte wêreld gevul met regverdige mense
    b. Na finale oordeel, word nuwe hemel en aarde gevul met regverdige mense
6. Opsommend
    a. Sondvloed waarsku oor die komende finale oordeel (2 Pet 3:3-7)
    b. Soos Noag, moet ons in die geloof aan God se belofte van verlossing vashou (Rom 4:20-24)
    c. Streef om vlekkeloos en onberispelik bevind te word (2 Pet 3:14)